- Amlodipien is 'n kalsiumkanaalblokker (wat behoort aan 'n klas van medisyne genaamd dihidropiridiene). Dit werk deur die bloedvate te verslap, sodat bloed maklik kan deurvloei.

2. Wat jy moet weet voordat jy Triplixam neem

Moenie Triplixam neem nie

- as jy hipersensitief (allergies) is vir perindopriel of ander AOE-remmers, indapamied of ander sulfoonamiede, amlodipien of ander dihidropiridiene, of enige van die ander bestanddele van **Triplixam** (gelys in Afdeling 6),
- as jy simptome ervaar het soos hyging, met moeilik asemhaling, swelling in die gesig of tong, intense jeuk of erge veluitslag tydens 'n vorige behandeling met 'n AOE-remmer, of as jy of 'n familielid hierdie simptome onder enige ander omstandighede ervaar het ('n toestand genaamd angio-edeem),
- as jy matig tot erge lewersiekte het of aan 'n toestand genaamd lewerensefalopatie ly ('n breinsiekte wat deur lewersiekte veroorsaak word),
- as daar vermoed word dat jy onbehandelde gedekompenseerde hartversaking het (ernstige vogretensie, asemhalingsprobleme),
- as jy behandel word met medisynes wat erge hartklop versteurings kan veroorsaak,
- as jy 'n vernouing van die aorta-hartklep (aorta-stenose) het, of kardiogene skok ('n toestand waar jou hart nie genoeg bloed aan die liggaam kan voorsien nie),
- as jy ly aan hartversaking na 'n hartaanval,
- as jy erge lae bloeddruk (hipotensie) het,
- as jy 'n lae bloedkalium vlak het,
- as jy erge nierprobleme het waar die bloedtoevoer na die niere verminder is (nieraar stenose),
- as jy net een nier het,
- as jy dialise ontvang of enige ander tipe bloed filtrasie. Afhangend van die masjien wat gebruik word, is **Triplixam** moontlik nie geskik vir jou nie,
- as jy matige of erge nierprobleme het,
- as jy swanger is of beplan om swanger te raak,

- as jy jou baba borsvoed,
- as jy porfirie het,
- as jy diabetes of verswakte nierfunksie het en jy word behandel met 'n bloeddrukverlagende medisyne wat aliskiren bevat,
- as jy behandel word met sakubitriel/valsartaan, 'n medisyne vir hartversaking (kyk "Waarskuwings en voorsorgmaatreëls" en "Ander medisynes en **Triplixam**"),
- as jy met Litium behandel word,
- as jy behandel word met kaliumsparended diuretika (watter pille wat jou bloedkalium verhoog bv. spironolaktoon, triamtereen).

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

Vertel jou dokter of gesondheidsorg professioneel voor jy **Triplixam** neem.

Spesiale voorsorg met **Triplixam**:

- as jy hipertrofiese kardiomiopatie (hartspiersiekte) of nieraar stenose het (vernouing van die slagaar wat die nier van bloed voorsien),
- as jy hartversaking het, of enige ander hartprobleme,
- as jy 'n erge toename in bloeddruk het (hipertensiewe krisis),
- as jy lewersiekte/wanorde het,
- as jy aan 'n kollageensiekte (velsiekte) ly, soos sistemiese lupus eritematose of sklerodermie,
- as jy aterosklerose het (verharding van die arterieë),
- as jy 'n toets moet kry om te kontroleer hoe goed jou byskildklier werk,
- as jy aan jig ly,
- as jy diabetes mellitus het,
- as jy op 'n sout beperkende dieet is of soutvervangings gebruik wat kalium bevat ('n goed-gebalanseerde bloedvlak is noodsaaklik),
- as jy litium of kaliumsparende diuretika (spironolaktoon, triamtereen) neem, want die gebruik hiervan saam met **Triplixam** moet vermy word (kyk "Ander medisynes en **Triplixam**"),
- as jy bejaard is en jou dosis moet verhoog word,
- as jy reaksies vanweë liggevoeligheid gehad het,
- as jy van swart oorsprong is mag die bloeddruk verlagende effek minder wees en jy mag 'n hoër voorkoms van angio-edeem kry (swelling in die gesig, lippe, mond, tong of keel wat kan veroorsaak dat jy sukkel om te sluk of asem te haal),
- as jy op hemodialise is en met hoë-vloeimembrane gedialiseer word,
- as jy nierprobleme het of dialise ontvang,

- as jy verhoogde vlakke van 'n hormoon genaamd aldosteroon in jou bloed het (primêre aldosteronisme),
- as jy te veel suur in jou bloed het, wat 'n verhoogde asemhalingstempo kan veroorsaak,
- as jy ontoereikende serebrale bloedsomloop het (lae bloeddruk en bloedvloei in die brein),
- as jy swelling in die gesig, lippe, mond, tong of keel het wat dit moeilik kan maak om te sluk of asem te haal (angio-edeem), wat op enige tydstip tydens die behandeling kan voorkom, moet jy die behandeling dadelik staak en jou dokter onmiddellik kontak.
- As jy een van die volgende medisynes gebruik, verhoog die risiko van angio-edeem:
- rasekadotriel (gebruik om diarree te behandel),
- sirolimus, everolimus, temsirolimus en ander medisyne wat aan die klas van sogenaamde mTor-remmers behoort (word gebruik om verwerping van oorgeplante organe te keer),
- sakubitriel (beskikbaar as 'n vaste-dosis kombinasie met valsartaan), gebruik om langtermyn hartversaking te behandel.
- as jy enige van die volgende medisynes neem om hoë bloeddruk te behandel:
- 'n "angiotensien-II reseptorblokker" (ARB) (ook bekend as sartane - byvoorbeeld valsartaan, telmisartaan, irbesartaan), veral as jy suikerverwante nierprobleme het.
- aliskiren.

Jou dokter kan jou nierfunksie, bloeddruk en die konsentrasie/vlakke van elektroliete (bv. kalium) in jou bloed met gereelde tussenposes nagaan.
Kyk ook na die inligting onder die opskrif "Moenie **Triplixam** neem nie".

Jou dokter kan vir jou bloedtoetse voorskryf om te kontroleer of jy lae natrium- of kaliumvlakke of hoë kalsiumvlakke het.
Wanneer jy **Triplixam** neem, moet jy ook jou dokter of die mediese personeel inlig:

- as jy narkose en/of 'n operasie moet ondergaan,
- as jy onlangs aan diarree of braking gely het of jy gedehidreer is,
- as jy dialise of LDL-aferese moet ondergaan (dit is die verwydering van cholesterol uit jou bloed deur 'n masjien),
- as jy 'n desensitiseringbehandeling moet kry om die effekte van 'n allergie vir by- of perdebysteke te verminder,
- as jy 'n mediese toets moet ondergaan wat die inspuit van 'n jodiumkontras medisyne ('n middel wat organe soos die nier of maag op 'n X-straal sigbaar maak) benodig.

Kinders en adolessente

Triplixam moet nie aan kinders en adolessente onder die ouderdom van 18 jaar gegee word nie.

Ander medisynes en Triplixam

Lig altyd jou gesondheidsorgkundige in as jy enige ander medisynes neem (dit sluit in komplementêre of tradisionele medisynes).

Moenie aliskiren (vir behandeling van hoë bloeddruk) neem as jy diabetes of niersiekte/wanorde of net een nier het nie.

Jy moet **Triplixam** vermy met:

- litium (gebruik om sommige geestesversteurings soos manie, manies-depressiewe siekte en herhalende depressie te behandel),
- kaliumsparende medisyne (bv. triamtereen, amiloried), kaliumaanvullings of kaliumbevattende soutvervangers, ander medisyne wat kalium in jou liggaam kan verhoog (soos heparien en ko-trimoksasool, ook bekend as trimetoprim/sulfametoksasool),
- dantroleen (infusie) wat gebruik word vir die behandeling van kwaadaardige hipertermie tydens narkose (simptome sluit in baie hoë koors en spierstyfheid),
- estramustien (gebruik by kankerbehandeling),
- medisynes wat meestal gebruik word om diarree te behandel (rasekadotriel), of om verwerping van oorgeplante organe (sirolimus, everolimus, temsirolimus en ander medisyne wat aan die klas van sogenaamde mTor-remmers behoort) te voorkom. Kyk afdeling "Waarskuwings en voorsorgmaatreëls",
- sakubitriel/valsartaan (gebruik om langtermyn hartversaking te behandel). Kyk afdelings "Moenie **Triplixam** neem nie" en "Waarskuwings en voorsorgmaatreëls",
- ander medisynes wat gebruik word om hoë bloeddruk te behandel: angiotensien-omsettingsensiemremmer en angiotensien-reseptorblokkers.
- Behandeling met **Triplixam** kan deur ander medisynes geaffekteer word. Jou dokter sal dalk jou dosis moet verander en/of ander voorsorgmaatreëls neem. Maak seker dat jy jou dokter inlig as jy enige van die volgende medisynes neem, want spesiale voorsorg kan nodig wees:
- ander medisynes vir die behandeling van hoë bloeddruk, insluitend die angiotensien-II - reseptorblokker (ARB), aliskiren (kyk ook inligting onder die opskrifte "Moenie **Triplixam** neem nie" en "Waarskuwings en voorsorgmaatreëls"), of diuretika (medisyne wat die hoeveelheid urien wat deur die niere geproduseer word, verhoog),
- kaliumsparende medisyne wat gebruik word by die behandeling van hartversaking: eplerenoon en spironolaktoon by dosisse tussen 12,5 mg tot 50 mg per dag,
- narkosemiddels,
- jodium kontras medisyne,
- bepridiel (gebruik vir behandeling van angina pectoris),

- moksifloksasien, sparfloksasien (antibiotika: medisyne wat gebruik word om infeksie te behandel),
- metadoon (gebruik om verslawing te behandel),
- dofetilied, ibutilied, bretilium, sisapried, difemamiel, prokaïenamied, kinidien, hidrokinidien, disopiramied, amiodaroon, sotalol (vir die behandeling van onreëlmatige hartklop),
- verapamiel, diltiasem (hartmedisynes),
- digoksien (vir die behandeling van hartprobleme),
- rifampisien, eritromisien, klaritromisien (antibiotika vir infeksie veroorsaak deur bakterieë),
- itrakonasool, ketokonasool, amfoterisien-B inspuiting (om swaminfeksie te behandel),
- allopurinol (vir die behandeling van jig),
- misolastien, terfenadien of astemisool (antihistamiene vir hooikoors of allergieë),
- kortikosteroïede wat gebruik word om verskillende toestande te behandel, insluitend ernstige asma en rumatoïede artritis, en niesteroïdale anti-inflammatoriese medisyne (bv. ibuprofeen) of hoë dosis salisilate (bv. asetielsalisielsuur),
- immuunonderdrukkers (medisyne wat gebruik word om jou immuunrespons in jou liggaam te beheer) vir die behandeling van outo-immuunafwykings of na 'n oorplantingsoperasie (bv. siklosporien, takrolimus),
- tetrakosaktiede (om Crohn se siekte te behandel),
- goud soute, veral met intraveneuse toediening (gebruik om simptome van rumatoïede artritis te behandel),
- halofantrien (gebruik om sekere tipes malaria te behandel),
- baklofeen wat gebruik word om spierstyfheid in siektes soos veelvuldige sklerose te behandel,
- medisynes soos insulien of metformien wat gebruik word om diabetes te behandel,
- kalsium, insluitende kalsiumaanvullings,
- prikkelende lakseermiddels (bv. senna),
- medisynes vir die behandeling van kanker,
- vinkamien (gebruik om simptomatiese kognitiewe afwykings, waaronder geheueverlies, by bejaardes te behandel),
- medisynes vir die behandeling van geestesversteurings soos depressie, angs, skisofrenie (bv. trisikliese antidepressante, antipsigotika, imipramienagtige antidepressante, neuroleptika),
- pentamidien (gebruik om pneumonie te behandel),
- ritonavir, indinavir, nelfinavir (sogenaamde proteasoomremmers wat gebruik word om menslike immuniteitsgebrekvirus (MIV) te behandel),
- *Hypericum perforatum* (Sint-johanneskruid),

- trimetoprim (vir die behandeling van infeksies),
- medisynes wat gebruik word vir die behandeling van lae bloeddruk, skok of asma (bv. efedrien, noradrenalien of adrenalien),
- nitrogliserien en ander nitrate, of ander vaatverwyders wat bloeddruk verder kan verlaag.

Kontak jou dokter om jou behandeling te herevalueer as jy met 'n fluoorkinoloon -antibiotikum behandel word en jy is ook op behandeling met **Triplixam** of ‘n angiotensienblokker vir jou hipertensie.

Atlete moet daarop let dat **Triplixam** 'n aktiewe bestanddeel (indapamied) bevat wat gelys is as ‘n verbode medisyne vir atlete om te gebruik (sal ‘n positiewe reaksie vir verbode middels lewer).

Triplixam met kos en vloeistof
Pomelosap en pomelo's moet nie ingeneem word deur mense wat **Triplixam** neem nie. Dit is omdat pomelo en pomelosap kan lei tot 'n toename in die bloedvlakke van die aktiewe bestanddeel amlodipien, wat 'n onvoorspelbare toename in die bloeddrukverlagende effek van **Triplixam** kan veroorsaak.

Swangerskap en borsvoeding
Jy moet nie behandel word met **Triplixam** as jy dink jy is swanger, as jy swanger is of beplan om swanger to word, aangesien **Triplixam** ernstige skade vir jou ongebore baba mag hê. As jy swanger is of jou baba borsvoed, dink dat jy swanger kan wees, of beplan om swanger te word, vra jou dokter of apteker om raad voordat jy **Triplixam** neem.

Borsvoeding
Jy moet nie jou baba borsvoed as jy op behandeling met **Triplixam** is nie, aangesien skade vir jou baba nie uitgesluit kan word nie, en **Triplixam mag die volume borsmelk wat uitgeskei word, verminder.**

Motorbestuur en gebruik van masjinerie
Triplixam kan jou vermoë om te bestuur of masjinerie te gebruik aantas. Jy moet nie bestuur of masjinerie gebruik totdat jy weet hoe behandeling met **Triplixam** jou beïnvloed**. Triplixam** mag a lae bloeddruk, duiseligheid, naarheid, visie versteurings, uitputting, moegheid en hoofpyn veroorsaak

Triplixam bevat natrium.

Triplixam bevat minder as 1 mmol natrium (23 mg) per tablet, in wese 'natriumvry'.

3. Hoe om Triplixam te neem

Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is met 'n ander persoon deel nie.
Neem **Triplixam** altyd presies soos jou dokter dit vir jou voorgeskryf het. As jy onseker is, vra jou dokter of apteker.
Sluk die tablet met 'n glas water, verkieslik in die oggend en voor 'n maaltyd. Jou dokter sal op die regte dosis vir jou besluit. Dit sal gewoonlik een tablet een keer daagliks wees.

Indien jy meer Triplixam geneem het as wat jy moes
As jy te veel tablette inneem, kan dit veroorsaak dat jou bloeddruk laag word of selfs gevaarlik laag word, soms geassosieer met naarheid, braking, krampe, duiseligheid, slaperigheid, verstandelike verwardheid, oligurie (minder urien passeer as normaal), anurie (geen produksie van urien of urinering nie). Jy kan lighoofdig, flou of swak voel. Indien die bloeddruk daling erg genoeg is kan skok intree. Jou vel kan koel en klam voel en jy kan jou bewussyn verloor. Kry dadelik mediese hulp as jy te veel **Triplixam** tablette geneem het.
In die geval van oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien geeneen beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of vergiftigingsentrum.

Indien jy vergeet het om Triplixam te neem
Dit is belangrik om jou medisyne elke dag te neem aangesien gereelde behandeling meer doeltreffend is. Indien jy egter vergeet om 'n dosis van **Triplixam** te neem, neem die volgende dosis op die gewone tyd.
Moenie 'n dubbeldosis neem om op te maak vir vergete individuele dosisse nie.

Indien jy ophou om Triplixam te neem
Aangesien die behandeling van hoë bloeddruk gewoonlik lewenslank is, moet jy dit met jou dokter bespreek voordat jy **Triplixam** stop.
Indien jy enige verder vrae het oor die gebruik van hierdie medisyne, vra jou dokter, apteker of verpleegster.

4. Moontlike newe-effekte
Triplixam kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir **Triplixam** aangemeld is, is by hierdie inligtingsblad ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid agteruitgaan of jy enige ongunstige effekte ervaar terwyl jy **Triplixam** neem, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgkundige.
Hou op om **Triplixam** te neem en gaan onmiddellik na 'n dokter as jy een van die volgende newe-effekte ervaar:

- skielike hyging, borspyn, kortasemigheid of asemhalingsprobleme (brongospasma),
- swelling van die ooglede, gesig of lippe,
- swelling van die mond, tong en keel, wat groot probleme met asemhaling veroorsaak,
- erge velreaksies, waaronder erge veluitslag, netelroos, rooi vel oor jou hele liggaam, erge jeuk, blase, afskilfering en swelling van die vel, ontsteking van die slymvliese (Stevens Johnson-sindroom, toksiese epidermale nekrolise) of ander allergiese reaksies,
- erge duiseligheid of floute,
- hartaanval, ongewone vinnige of abnormale hartslag, of lewensbedreigende ongereelde hartslag,
- ontsteekte pankreas wat erge buikpyn en rugpyn gepaard met 'n ongestelde gevoel kan veroorsaak.

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. Jy kan dringende mediese aandag benodig.
Lig jou dokter in as jy enige van die volgende waarneem:

Gereelde newe-effekte:
Hoofpyn, duiseligheid, hartkloppings (bewus wees van jou hartklop), bloos, duiseligheid, spelde-en-naalde gevoel, gesigsversteurings (insluitend dubbelsig), tinnitus (gevoel van geluide in die ore), lighoofdigheid as gevolg van lae bloeddruk, hoes, kortasemigheid, gastro-intestinale afwykings (naarheid, braking, buikpyn, smaakversteurings, sooibrand of probleme met spysvertering, diarree, hardlywigheid), allergiese reaksies (soos veluitslag, jeuk), krampe, moegheid, slaperigheid, geswelde enkels (edeem).

Minder algemene newe-effekte:
Gemoedskommelings, angs, depressie, slaapversteurings, bewing, netelroos, floute, verlies van gevoeligheid vir pyn, rinitis (verstopte of loopneus), veranderde derm gewoontes, haarverlies, purpura (rooi punte op die vel), verkleuring van die vel, jeukerige vel, sweet, borspyn, gewrigs- of spierpyn, rugpyn, pyn, ongesteldheid (malaise), nierprobleme, probleme met urinering, verhoogde behoefte aan urinering in die nag, verhoogde aantal kere om te urineer, onvermoë om 'n ereksie te kry, koors of hoë temperatuur, ongemak of vergroting van die borste by mans, gewigstoename of afname, toename in sommige witbloedselle, hoë kaliumvlakke in die bloed,

hipoglukemie (baie lae bloedsuikervlak), lae natriumvlakke in die bloed, vinnige hartklop, vaskulitis (ontsteking van die bloedvate), liggevoeligheidsreaksies (verandering in die voorkoms van die vel) na blootstelling aan die son of kunsmatige UVA, blase in die vel, swelling van hande, enkels of voete, verhoogde kreatinien in die bloed en toename in bloedureum, val, droë mond.

Verwarring, veranderinge in laboratorium parameters: verhoogde vlak van lewerensieme, hoë vlak van serum bilirubien.

Verminderde aantal witbloedselle, afname in die aantal bloedplaatjies (wat maklik kneusplekke en neusbloeding veroorsaak), bloedarmoede (afname in rooibloedselle), kardiovaskulêre afwykings (onreëlmatige hartklop, angina pectoris (pyn op die bors, kakebeen en rug, veroorsaak deur liggaamlike inspanning, en as gevolg van probleme met die bloedtoevoer na die hart), beroerte), eosinofiliese longontsteking ('n seldsame soort longontsteking), swelling van die tandvleis, ernstige velreaksies, waaronder intense veluitslag, velrooiheid oor jou hele liggaam, erge jeuk, blase, afskilfering en swelling van die vel, multiforme eriteem ('n veluitslag wat dikwels begin met rooi jeukende kolle op jou gesig, arms of bene), bloeding, sagte of vergrote tandvleis, abnormale lewerfunksie, ontsteking van die lewer (hepatitis), erge nierprobleme, vergeling van die vel (geelsug), opgeblaasde buik (gastritis), senuweeversteurings wat swakheid, tinteling of gevoelloosheid kan veroorsaak, verhoogde spierspanning, hiperglukemie, hoë vlak van kalsium in die bloed, serebrovaskulêre ongeluk moontlik sekondêr tot uiterste lae bloeddruk.

Lewerensefalopatie (breinsiekte wat veroorsaak word deur lewersiekte), abnormale EKG-hartaftasting, lae kaliumvlakke in die bloed, as jy aan sistemiese lupus eritematose ly ('n soort kollageensiekte), kan dit erger word.

Kortsigtigheid (miopie), dowwe visie,

Bewing, rigiede houding, maskeragtige gesig, stadige bewegings en 'n skuifelende, ongebalanseerde stap.

Verkleuring, gevoelloosheid en pyn in vingers of tone (Raynaud se verskynsel).

Veranderings in laboratorium parameters (bloedtoetse) kan voorkom. Jou dokter sal moontlik vra dat jy bloedtoetse ondergaan om jou toestand te moniteer.

Gekonsentreerde urien (donker van kleur), naarheid of braking, spierkrampe, verwarring en stuipe wat die gevolg kan wees van onvanpaste ADH (antidiuretiese hormoon) afskeiding wat met AOE-remmers kan voorkom. Indien jy hierdie simptome het, kontak jou dokter sodra moontlik.

Indien jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie pamflet vermeld word nie, lig jou dokter of apteker in.

Aanmelding van newe-effekte

Indien jy enige newe-effekte ervaar, praat met jou dokter, apteker of verpleegster. Dit sluit enige moontlike newe-effekte in wat nie in hierdie pamflet gelys word nie. Jy kan ook newe-effekte aan SAHPRA rapporteer deur middel van die **"6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form"**, wat aanlyn onder SAHPRA se publikasies verskyn: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld, kan jy meer inligting verskaf oor die veiligheid van **Triplixam**.

5. Hoe om Triplixam te bewaar

Bewaar by of onder 30 °C.

Bewaar alle medisyne buite bereik van kinders.

Hou die bottel diggeslote om die tablette teen vog te beskerm.

Moenie in badkamers bewaar nie.

Moenie na die vervaldatum wat op die kartonhouer en bottel verskyn, neem nie. Die vervaldatum dui op die laaste dag van daardie maand.

Neem alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker.

Moenie ongebruikte medisyne in afvoerpype en rioolstelsels (bv. toilette) gooi nie.

6. Inhoud van die pakkie en ander inligting

Wat Triplixam bevat

- Die aktiewe bestanddele is perindopriel arginien, indapamied en amlodipien.
  Een filmbedekte tablet van:
- **Triplixam 5/1,25/5 mg** bevat 3,395 mg perindopriel gelykstaande aan 5 mg perindopriel arginien, 1,25 mg indapamied en 6,935 mg amlodipienbesilaat gelykstaande aan 5 mg amlodipien.
- **Triplixam 5/1,25/10 mg** bevat 3,395 mg perindopriel gelykstaande aan 5 mg perindopriel arginien, 1,25 mg indapamied en 13,870 mg amlodipienbesilaat gelykstaande aan 10mg amlodipien.
- **Triplixam 10/2,5/5 mg** bevat 6,790 mg perindopriel gelykstaande aan 10 mg perindopriel arginien, 2,5 mg indapamied en 6,935 mg amlodipienbesilaat gelykstaande aan 5 mg amlodipien.
- **Triplixam 10/2,5/10 mg** bevat 6,790 mg perindopriel gelykstaande aan 10 mg perindopriel arginien, 2,5 mg indapamied en 13,870 mg amlodipienbesilaat gelykstaande aan 10 mg amlodipien.

- Die ander bestanddele is:

- Tabletkern: Kalsiumkarbonaat styselverbinding: Kalsiumkarbonaat 90 %, pregelatineerde mieliestysel 10 %, mikrokristallyne sellulose (E460), natrium-kroskarmellose (E468), magnesiumstearaat (E572), kolloïdale anhidriese silika, pregelatineerde stysel.
- Tablet filmbedekking: Gliserol (E422), hipromellose 6mPa.s (E464), makrogol 6 000, magnesiumstearaat (E572), titaandioksied (E171).

Hoe Triplixam lyk en wat die inhoud van die pakkie is

Triplixam 5/1,25/5 mg is 'n wit, langwerpige, filmbedekte tablet, 9,75 mm lank en 5,16 mm breed, gegraveer met  op die een kant en  op die ander kant.

Triplixam 5/1,25/10 mg is 'n wit, langwerpige, filmbedekte tablet, 10,7 mm lank en 5,66 mm breed, gegraveer met  op die een kant en  op die ander kant.

Triplixam 10/2,5/5 mg is 'n wit, langwerpige, filmbedekte tablet, 11,5 mm lank en 6,09 mm breed, gegraveer met  op die een kant en  op die ander kant.

Triplixam 10/2,5/10 mg is 'n wit, langwerpige, filmbedekte tablet, 12,2 mm lank en 6,46 mm breed, gegraveer met  op die een kant en op die ander kant.

Tablethouer met 30 filmbedekte tablette, wit polipropileen tablethouer en 'n wit ondeursigtige prop wat 'n droogmiddel-jel bevat, in 'n karton geplaas.

Houer van die registrasiesertifikaat

Servier Laboratories South Africa (Pty) Ltd

Gebou nommer 4

Country Club Estate

Woodlands Drive 21

Woodmead

2191

Hierdie pamflet was voorheen hersien in

Registered Approved PIL

Applicant: Servier Laboratories SA (Pty) Ltd
Product: Triplixam 5 mg/1,25 mg/5 mg; 5 mg/1,25 mg/10 mg; 10 mg/2,5 mg/5 mg; 10 mg/2,5 mg/10 mg
Date of submission: 24 November 2020

Registrasienommers

Triplixam 5/1,25/5 mg: 49/7.1.3/1248

Triplixam 5/1,25/10 mg: 49/7.1.3/1245

Triplixam 10/2,5/5 mg: 49/7.1.3/1246

Triplixam 10/2,5/10 mg: 49/7.1.3/1247

Namibië Registrasie Nommers

Triplixam 5/1,25/5 mg: 16/7.1.3/0014 (NS2)
Triplixam 5/1,25/10 mg: 16/7.1.3/0015 (NS2)
Triplixam 10/2,5/5 mg: 16/7.1.3/0016 (NS2)
Triplixam 10/2,5/10 mg: 16/7.1.3/0017 (NS2)

Botswana Registrasie Nommers

Triplixam 5/1,25/5 mg: BOT1602908 (S2)
Triplixam 5/1,25/10 mg: BOT1602909 (S2)
Triplixam 10/2,5/5 mg: BOT1602910 (S2)
Triplixam 10/2,5/10 mg: BOT1602911 (S2)